Dagboek:

Junie 2008

Vrydag, 30 Mei	(Tieners) Extreme Make-Over YES Edition
Saterdag, 31 Mei	Geheime Vriendinne trekking
Sondag, 1 Junie	Nagmaal
Dinsdag, 3 Junie	Bestuurskommitee Vergadering
Vrydag, 6 Junie	(Tieners) My Fave Song & Verse
Vrydag, 13 Junie	Tieners af (lang naweek)
Saterdag, 14 Junie	(Tieners) Voorbereiding vir Vadersdag
Sondag, 15 Junie	Vadersdag
Sondag, 15 Junie	(Tieners) Uitreik na Herberg
Dinsdag, 17 Junie	Bedieningsraad Vergadering
Vrydag, 20 Junie	(Tieners) Bybel Vasvrae
Vrydag, 27 Junie	(Tieners) Afluiting: Bowling / uiteet
Sondag, 29 Junie	Vetkoek & Sop Aand

Kinderkerk

Hello maats, ek hoop dit gaan sommer baie goed met julle almal. Vandat ons met die kinderkerk 'n maand terug begin het, het ek my nog die heeltyd gate uit geniet en dit raak net lekkerder en lekkerder elke Sondag. Ek hoop dat julle net so baie "fun" het soos ek.

Ek en Jesus voel dat julle almal die heel beste is en Hy is so baie lief vir julle almal.

Die laaste paar weke praat ons oor alles wat in die lewe van Dawid gebeur het. In die begin was hy maar net 'n skaapwagter (wegkruipertjie kampioen) en uiteindelik gaan hy koning word. Maats julle moet nie een Sondag mis nie, want dan gaan julle groot uitmis. Net soos God met Dawid was maats, toe hy vir Goliat gewen het so sê God sal hy ook met MY en JOU wees, dit is darem baie lekker om te weet dat ons Sy kinders is.

Julle moet almal onthou om julle maats wat by die skool is en die bure wat langs julle bly se kinders wat nie kinderkerk toe gaan nie, te nooi om dit saam met julle te kom geniet. Ons gaan lekker stories vertel, nuwe liedjies leer, speletjies speel en sommer nog baie ander dinge.

Totsiens maats
Baie liefde, oom Quintin

AGS - Gemeente van Lig & Lewe

Maandbrief

Gemeente kontakbesonderhede:

Pastoor Leon van Rensburg

☎ 021 981 2953 / 021 981 0844 | 072 782 7508
021 981 2953 | Posbus 122, Brackenfell, 7561
pastoorleon@telkomsa.net | www.ags-ligenlewe.com

VAN DIE PASTOOR

Dit is my eerste skrywe aan julle as gemeente van Lig & Lewe. Die afgelope weke was dit vir my so wonderlik om te gesien het hoe alles in plek val. God is so goed vir ons.

As ek aan die gemeente dink, dink ek aan die gelykenis wat Jesus vertel het, naamlik dat jy nie nuwe wyn in ou leersakke kan plaas nie. Doen 'n mens dit sal die sakke skeur. Ons as gemeente is nuwe sakke, dus kan nuwe wyn in ons geplaas word. Ek is so opgewonde, want God het groot planne vir ons. Ons moet net gereed wees om dit te ontvang.

Ek wil net elkeen van julle aanmoedig om aan die gemeente se bedrywighede deel te neem. Hierdie gemeente moet soos 'n groot familie funksioneer, waar ons mekaar opbou en stig met die liefde wat God in ons harte uitgestort het. Kyk dus na die vooruit beplanning en neem deel. 'n Gelukkige gemeente is 'n vergenoegde gemeente.

God bless.

Pastoor Leon

Tieners:

Y.E.S – Youth Embracing Salvation
1 Tim 4:12

Waar ons vandag staan voor die deur om vir Yes ons eie piek reg te maak op Vrydag 30 Mei se "**Extreme Makeover YES edition**" het ons al drie byeenkomste agter die rug. "Wie is ek", Liefde: soos Jesus dit definieer en die awsome CUY youth bash.

YES se missie is om jongmense opgewonde te maak om deel van die Liggaam van Christus te vorm en ook uit te reik na ander wat nog nie Christus ken nie. So baie jongmense dink dat hulle te jonk is om iets vir Christus te doen, maar soos ons teksvers sê; moenie deur jou jonkheid verag word nie, of in verstaanbare taal, **Jy is nie te jonk nie!** Verder wil ons jongmense oplei om ander te kan bedien en sodoende 'n verskil te maak waar hulle beweeg by die skool of by die huis.

YES het reeds hulle **eerste uitreik** gehou na Die Herberg op moedersdag en het werklik 'n paar dames se harte baie bly gemaak met lekkers en rose. Die Herberg se eienaar, Mev Sharon Pienaar het 'n brief, wat al die dames se dankbaarhied getoon het, aan YES gestuur om haar dankbaarheid oor te dra aan al die jongmense wat 'n deel daarin gehad. Ons beplan ook om op vadersdag die manne te gaan bederf.

Behalwe vir die uitreike en fun op Vrydae is daar ook vele meer in die pyplyn vir YES. Ons beplan 'n kamp vir die einde van die jaar en ook om die **YES Band** officially op die been te kry. Na die eerste YES diens, met Konrad Nelson as sangleier het die Band gewys dat hulle gereed is om te bedien en Christus se naam te verheerlik met Praise and Worship! Ons sien ook uit daarna om al die jongmense te betrek in die kerk en ook so hulle geestelik die ruimte te gee om hulle potensiaal in Christus te vind! YES is uiteindelik nie net 'n Club waar ons elke Vrydag net fun het nie, maar 'n groep jongmense wat exited is oor hulle nuwe lewe in Christus en ook hierdie lewe met ander jongmense wil deel!

YES se eerste en grootste prioriteit is om saam met Jesus te leef en werklik te leef asof ons GERED is! Dit beteken om te lewe in liefde, vrede, blydskap, lankmoedigheid, vriendelikheid, getrouheid, selfbeheersing, sagmoedigheid en goedheid teenoor mekaar en ook ander. Met ander woorde YES, lewe voluit vandag vir Christus en as môre kom, try om vandag te beat! GO voluit vir Christus! :0)

☐de
Shireen

Welsyn:

Ek wil net van hierdie geleentheid gebruik maak om terugvoering te gee oor die welsyndepartement.

Eerstens wil ek aan almal wat kos, klere en toiletware in Mei geskenk het, baie dankie sê. Dit sal goed benut word.

Ons het alreeds van die ware uitgedeel waar daar 'n behoefte daarvoor bestaan. En ek kan vir julle sê dat dit opreg waardeer word.

Vroue:

Ons eerste vrouebyeenkoms in die vorm van die geheime vriendinne trekking sal hierdie Saterdag, 31 Mei plaasvind.

Alle vroue word uitgenooi om saam te kom kuier, al wil jy nie aan die geheime vriendinne deelneem nie. Kom geniet net die middag saam met ons by Conradiestraat 7, Brackenfell om 14:00.

Groete
Mariska

Nagmaal: 1 Junie.